

**Mediaverklaring - Verbruikersopvoeding
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
20 Julie 2011**

Begin vandag spaar vir finansiële onafhanklikheid eendag

Jy's uiteindelik klaar met boeke, eksamens en jou ouers se reëls. Jy't jousef bewys deur jou opvoeding te voltooi en 'n lekker werk te kry en jy verdien oplaas jou eie geld. Om 'n gedeelte daarvan te spaar is waarskynlik die laaste ding waaraan jy dink, tensy jy geleer is hoe belangrik dit is om 'n begroting op te stel en reeds van jongs af te begin spaar.

Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Beleggings in Suid-Afrika (ASISA), sê daar is niks mee verkeerd om jou eerste salaris roekeloos uit te gee nie, bloot omdat jy kan. Maar tensy jy jou houding van die tweede salaris af verander, is dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat jy op een of ander stadium in jou lewe in die skuldstrik sal beland.

Kort voor lank sal jy meer geld nodig hê as wat jy verdien, sê Dempsey. "Jy't pas begin werk en as jy gelukkig is, het jou ouers jou gehelp met 'n woonstel, huisraad en 'n motor. Maar die tyd sal weldra kom dat jy graag 'n huis wil koop en met 'n gesin wil begin, oorsee wil gaan vakansie hou en dalk die studentekar wil verruil vir 'n ryding wat beter by jou status as 'n salarisverdiener pas."

Dis gewoonlik op hierdie stadium dat jy begin skuld maak, en voor jy jou kom kry is jou uitgawes meer as jou inkomste. As jy nou nog nie geleer het om te spaar nie, sal jy waarskynlik vir die res van jou lewe moet werk om skuld terug te betaal met min of geen kans dat jy kontantreserwes sal kan opbou vir groot uitgawes soos jou kinders se opvoeding of jou aftrede nie.

Dempsey sê die onmiddellike sigbare voordeel van geld spaar is jou eie finansiële sekuriteit. 'n Sterk spaarkultuur is egter ook noodsaaklik vir 'n sterk ekonomie, werkverskaffing en uiteindelik laer rentekoerse en inflasie.

"Suid-Afrika se spaarkoers is van die swakste in die wêreld. Dit is deels te blameer op werkloosheid, maar 'n swak spaarkultuur speel ook 'n groot rol."

Dempsey sê dit is onwaarskynlik dat ouer generasies skielik hulle bestedingspatrone sal verander. Dit is die nuwe geslag verdieners wat die geweldige voordele van 'spaar meer, bestee minder' moet insien.

Maar hoekom moet jy? Dit is sekerlik jou reg om jou geld uit te gee soos jy wil? En aftree is 'n leeftyd ver, so hoekom nou jou kop daarvoor breek? Want, sê Dempsey, as jy vandag spaar, is jy eendag finansiële onafhanklik.

"Die keuses wat jy maak as 'n nuwe inkomsteverdiener sal bepaal of jy geld se baas is, en of geld jou baas is," verduidelik Dempsey.

Hoe om 'n werkbare spaarplan te begin

So, jy het jou eerste salaris net so uitgegee en dit was 'n wonderlike gevoel. Maar jy het ook beseft dit is in jou eie belang om te begin spaar. Waar begin jy? Volgens Dempsey sal die volgende riglyne jou op die pad na finansiële onafhanklikheid plaas:

1. **Houding.** Die goue reël is om eers te spaar en wat oor is te bestee. As jy eers bestee, sal jy gou agterkom daar is weinig of niks oor om te spaar nie.

2. **Begroting.** 'n Begroting moet opgestel word vir die “spaar eers”-houding. Jy moet presies weet hoeveel jy verdien en hoeveel jy uitgee voordat jou spaarplan kan werk.
3. **Kooppgewoontes.** 'n Begroting sal jou dwing om jou kooppgewoontes in oënskou te neem. Het jy werklik elke maand 'n nuwe klerekas nodig? Sluk jou motorpaalement en die versekeringspremie elke maand die meeste van jou geld in?
4. **Risikodekking.** Die feit dat jy jonk is beteken nie jy't nie lewens-, ongeskiktheids- en mediese dekking nodig nie.
 - a. As jy in jou vroeë twintigs lewensdekking uitneem en 'n polis met gelykblywende premies kies, sal jy die laer premies betaal vir so lank as wat jou lewenspolis geldig is. Jy is waarskynlik ook nog gesond en kwalifiseer vir mededingende koerse. As jy voldoende lewensdekking het, kan jy dit as kollateraal gebruik vir skuld soos 'n kar- of huislening. Dit bied ook finansiële beskerming aan jou familie indien jy te sterwe kom.
 - b. Hoe jonger jy is as jy medies ongeskik raak, hoe hoër is die ongeskiktheidsvoordeel wat jy benodig om finansiëel te oorleef. Jong mense het 'n groter risiko om in 'n ongeluk te wees wat hulle gestremd laat. Jy het dus hierdie dekking nodig om jou te beskerm teen verlies van inkomste as jy nie meer kan werk nie.
 - c. As jy nie omvattende mediese dekking kan bekostig nie, kry dan ten minste 'n hospitaalplan. Daarsonder is jy aangewese op openbare gesondheidsdienste.
5. **Strategie.** Jy het nou 'n begroting opgestel en besluit hoeveel geld jy elke maand kan spaar. Nou het jy 'n strategie nodig. Spaar eerstens genoeg geld sodat jy vir ten minste drie maande kan oorleef ingeval jy skielik sonder werk sit. Spaar dan vir onvoorsiene uitgawes soos om jou motor te laat regmaak.
6. **Belê.** Sodra jou noodfonds in plek is, kan jy begin belê. Jy is nog jonk en kan bekostig om in produkte soos algemene aandele-effektetrustfondse te belê wat, indien jy jou geld vir langer tydperke soos 10 jaar belê, 'n hoër opbrengs as kontant bied.
7. **Kry advies.** Jou ouderdom weerhou jou nie daarvan om kundige finansiële advies in te win nie. Daar is 'n verwarrende hoeveelheid effektetrustfondse beskikbaar bo en behalwe talle ander beleggingsinstrumente soos uitkeerpolisse en aftree-annuïteite. Die meeste adviseurs verdien 'n kommissie van die produkverskaffer, dus sal jy nie enige gelde hoef te betaal nie. Gebruik liever 'n finansiële adviseur wat jou familie ken en vertrou.
8. **Spaar.** As dit by spaar kom, is geen bedrag ooit te klein nie. Daar is 'n spaar- of beleggingsinstrument vir elke behoefte, elke begroting en elke risikoprofiel. As jy nie genoeg geld het om maandeliks tot 'n effektetrust by te dra nie, kan jy dit wat jy kan bekostig elke maand in 'n vastetermyn-spaarrekening deponeer.
9. **Beloning.** As jy moet kies tussen 'n duurder kar of 'n effektetrustbelegging, kies die belegging. Sien dit so: die maandelikse paalement vir 'n nuwe intreevlak- gewilde handelsmerk motor en die van 'n topprysklas-model verskil met sowat R2 600. Hoekom nie liever elke maand R2 000 belê en R600 vir risikodekking gebruik nie?

As jy die afgelope 10 jaar tot einde Junie 2011 elke maand R2 000 in die gemiddelde Plaaslike Aandele Algemene fonds belê het (altesaam R240 000), sou jou belegging tot R562 613 aangegroei het. Dit is 'n jaarlikse groeikoers van 16.73% oor die 10 jaar.

As jy die geld belê ry jy dalk nie 'n windmakerkar nie, maar oor 10 jaar het jy toegang tot 'n aardige bedraggie. Moet ook nie vergeet dat 'n goedkoper motor se onderhoud goedkoper en die versekeringspremies laer is nie.

10. **Kommunikeer.** Jy en jou vriende kommunikeer waarskynlik meestal via sosiale netwerke soos Twitter en Facebook. Gebruik hierdie netwerke om jou ervaringe te deel en om spaar- en beleggingswenke uit te ruil. Soek #savingstip op Twitter en kry sommer dadelik 'n paar goeie idees. Wanneer jy die bogenoemde wenke bestudeer het, deel gerus jou ervaringe onder #savingstip.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar- en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).